

21 Oktober

Deuteronomium 34

(Teks: 34:1-6)

Hoe God hom openbaar by die dood van Moses

Voordat Moses sterwe laat die Here hom die land Kanaän *sien*. En watter vreugde het hy nie belewe om dié pragtige land te kan sien nie! Maar Moses weet ook: Dié Kanaän wat hy nie kan sien nie - die hemelse Kanaän wat hy na sy dood binnegaan - is oneindig mooier.

Voordat Moses sterwe laat die Here hom heerlike dinge *hoor*. "Dit is die land wat Ek met 'n eed beloof het aan Abraham en Isak en Jakob. Ek gee dit aan jou nageslag." Moses ontvang hier 'n versekering van God se verbondstrou. Hy laat nooit die werke van sy hande vaar nie.

Maar ons sien die Here se genade ook in dit wat Moses *ervaar*. Wat ervaar hy? Dat die Here by hom is. Ondanks sy oortredinge en sondes (Psalm 90:7) is die Here nogtans by hom. En Moses weet: As hy straks sterwe, sal die Here - soos Hy vir Israel deur die woestyn gedra het soos 'n man sy seun dra (Deut. 1:31) - ook vir hom in die ewige heerlijkheid indra.

Daar kom 'n tyd dat ons ook moet sterwe. Miskien sal ons nie kan hoor wat ons dierbares vir ons sal sê nie. Maar wat maak dit saak? As die lewe vir ons Christus was, is die sterwe vir ons wins (Filip. 1:21). Want dan *sien* ons deur die geloof die Vaderhuis met die baie wonings. En dan *hoor* ons die vertroosting van die Heilige Gees. En dan *ervaar* ons die nabyheid van die Here.

Sing Psalm 90:9

Dr. C J. Malan (Emeritus)